

PROFESSOR J M W LE ROUX 1926-1991

Jan le Roux is op Maandag 11 Maart, digby sy geboorteplaas by Riviersonderend op Montagu, waar hy en Sjaan sedert 1988 woon, oorlede. Dit was 'n jaar nadat longkanker gediagnoseer is. Tot kort voor sy dood was hy besig met die Engelse vertaling van 'n Anatomiehandboek waarvan hy die hoofouteur was. Op 2 bladsye na, het hy dit voltooi.

Jan le Roux is op 5 April 1926 op Swellendam gebore. Hy matriculeer in 1943 aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, behaal in 1948 die BVSc-graad aan die Universiteit van Pretoria en verower ook die kliniese medalje. As navorsingsbeampte (1949), senior lektor (1956), professor en hoof van die Departement Anatomie (1974) en dekaan (1982-1986) van die Fakulteit Veeartsenykunde aan sy alma mater, het hierdie stil man met sy besondere styl en humorsin die professie op 'n unieke manier gedien en uitgebou.

Sy kollegas in die Departement Anatomie kan getuig van sy onbaatsugtige ondersteuning en lojaliteit. Hy het 'n besielende visie gehad, nie alleen ten opsigte van sy eie vakgebied nie, maar ook vir die professie. Daarom was dit so gepas dat hy sy loopbaan as dekaan kon afsluit.

Sy eerste professionele aanstelling (1949-1956) was as navorsingsbeampte in die Afdeling Patologie aan die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde onder leiding van prof K Schultz. Sy deeglikheid en wetenskaplike instelling is hier vasgelê, asook sy waardering vir, en lojaliteit teenoor die Navorsingsinstituut. In 1956 het hy 'n Senior Lektoraat in die Departement Anatomie van die Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria aanvaar. Met sy deeglike agtergrond in Patologie, was Anatomie vir hom die ideale volgende arbeids- en studieveld. Hy was gereeld elke week in die biblioteek om op hoogte te bly van publikasies in sy vakgebied. In 1959 verwerf hy die Dr Med Vet-graad aan die Tierärztliche Hochschule in Hannover, met 'n verhandeling oor die venas van die kop van die bees. Foto's van sy disseksies is later in die beroemde handboek oor die vergelykende anatomie van die huisdiere deur Nickel, Schummer en Seiferle (Paul Parey, Berlyn en Hamburg) opgeneem.

Jan le Roux het lewenslange vriendskappe gesluit tydens hierdie jaar in Han-



nover. Met sy kenmerkende hoflikheid en humorsin, gerugsteun deur matriek-Duits, het hy almal se harte verower. Sy deeglikheid en akademiese uitnemendheid het die hoogste agting afgedwing en het gelei tot latere formele uitnodigings as gasdosent in 1970/71 en gasprofessor tydens Desember/Januarie 1976/77. By geleentheid van die 200-jarige herdenk-

ingsfees van hierdie skool in 1978, is hy genooi om deel te neem aan 'n internasionale simposium oor Veterinêre Anatomie.

Na sy terugkeer uit Duitsland aan die einde van 1959, het hy die Anatomiekursus aan Onderstepoort ingrypend verander. Die benadering word sistematies-vergelykend en die lewende

dier word by praktika betrek. Opper-vlakanatomie en Toegepaste Anatomie word beklemtoon. Anatomie het 'n klinies-gerigte baadjie gekry.

Die voorgraadse kursus is in die vroeë tagtigerjare sinryk gerasionaliseer en in medewerking met Malie Smuts en Christine Seegers het die eerste Afrikaanse studie- en disseksiegids oor die anatomie van huisdiere verskyn. Dit is na ons wete die enigste vergelykende studie- en disseksiegids van sy soort in Veterinêre Anatomie. Met 3 van die 5 dele reeds in Engels vertaal, het Jan met byna bomsenlike ywer gepoog om voor sy dood die oorblywende dele te vertaal.

Gedurende die sestigerjare het hy moderne anatomiese tegnieke in die Departement ingevoer en toegepas. Man-alleen het hy 'n stel demonstrasiedisseksies voorberei wat sedertdien die grondslag vorm van voor- en nagraadse onderrig. Hierdie onvervangbare en unieke versameling word nou in die Le Roux-studie-lokaal in die nuwe Anatomiegebou gehuisves.

Prof le Roux het 'n aktiewe navorsingsprogram in die Departement van stapel gestuur wat steeds as rigsnoer dien. Gedurende sy hoofskap is twee doktorsale proefskrifte onder sy leiding voorberei. Uit sy pen het 15 artikels in internasionale en plaaslike wetenskaplike joernale verskyn.

Sy volgehoue persoonlike kontak met buitelandse vakdeskundiges het as natuurlike uitvloeisel gehad dat bekende wetenskaplikes uit Duitsland, Engeland, die Verenigde State van Amerika en Nederland deur hom genooi is om die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria te besoek. Nie alleen is hulle aan ons studente voorgestel nie, maar as huisgaste van die Le Roux's is hulle dikwels op begeleide toere van Suid-Afrika geneem.

In die middel van die sewentigerjare is 'n gesamentlike poging van dosente en studente van stapel gestuur om die studentekorps by musiek en kultuur te betrek. Prof le Roux is as voorsitter van hierdie komitee verkies. Weeklikse vergaderings en baie ure se beplanning, briewe en reëlins het gelei tot hoogs suksesvolle konserte in die Musaion, Universiteit van Pretoria, waar verrassende talent na vore gekom het en waar die res van die universiteit bekend gestel is aan die "ander" kant van veeartsenystudente.

Nog 'n bewys van prof le Roux se

gewildheid onder die studente, was sy verkiesing as die nuwe "President" tydens die studente se jaarlikse pretdag in 1980. Min van die kollegas sou die takhaar-figuur as prof le Roux kon sien, nadat die studente hom "aangetrek" het. Hy het met groot sportmanskap die voorbereide "toespraak" gelees en hom ingeleef in die pret. Daar was altyd by hom 'n warm belangstelling in die wel en weë van studente. Uit eie sak het hy jaarliks die nuwe klaskomitees, tesame met die dosente, vir 'n ete na 'n restaurant geneem "om mekaar te leer ken". Tydens sy hoofskap en later ook as Dekaan, het prof en mev le Roux aan die begin van elke akademiese jaar die nuwe buitelandse studente by hulle aan huis ontvang. Sy meeleving met die behoeftes van buitelanders kan teruggevoer word na sy eie gewaarwordinge as student in die buiteland.

Prof le Roux was nooit in akademiese of professionele politiek betrokke nie. Sy eerlikheid, onpartydigheid, deeglikheid en hoflikheid het in 1981 tot sy verkiesing as dekaan gelei. 'n Trotse oomblik in sy dekaansperiode was toe sy enigste kind, Marina, in Junie 1985 haar BVSc-graad ontvang het as een van die 5 topstudente in die klas.

Sy heel eerste aankondiging as dekaan was dat papierwerk tot 'n minimum beperk gaan word; gesprekvoering gaan die metode van kommunikasie en besluitneming wees. 'n Program is opgestel en elke lid van die personeel is sinvol betrek in 'n gespreksgroep op Sondagande by hulle aan huis. Hierdie besondere program was natuurlik ondenkbaar sonder die aktiewe en heelhartige ondersteuning van sy vrou, Sjaan. Dit was vir hom belangrik om elke lid van die personeel persoonlik te leer ken. Met die buitengewone ondersteuning van mev le Roux, is al die personeel (dosente en tegnisi) met hulle gades gedurende sy 5 jaar as dekaan op feestelike noenmale by hulle huis in Silverton onthaal.

Prof le Roux was bekend as 'n man van min woorde. Hy het ook bekend gestaan as iemand wat sy huiswerk gedoen het. Hy het dieselfde van sy kollegas verwag, en dit was 'n kenmerk van vergaderings wat deur hom gelei is, dat hulle nooit langer as een uur geduur het nie.

Gedurende sy termyn as dekaan het hy hom aktief vir die akademiese ontwikkeling van sy Fakulteit beywer. Drie selfstandige departemente is gestig (Veterinêre Volksgeondheid, Far-

makologie en Toksikologie, en Pluimveesiektes) en 2 geborgde professorate is ingestel (in die Departemente Chirurgie en Veterinêre Etologie). Prof le Roux se dekaanskap het saamgeval met die beplanning van nuwe, moderne fasiliteite op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1984 besoek hy etlike veterinêre fakulteite in Amerika, Engeland, Nederland, België en Duitsland om 'n oorsig te kry van die beste wat wêreldwyd aangebied word.

Om navorsing te prikkel en kollegas in staat te stel om hulle werk in die fakulteit bekend te stel, het prof le Roux 'n jaarlikse Fakulteitsdag ingestel.

As die Universiteit van Pretoria se verteenwoordiger op die SA Veeartsraad het hy hierdie statutêre liggaam se eksamenstelsel ingrypend laat hersien tot voordeel van die professie. Hy was tydens sy dekaanskap 'n benoemde lid van die Federale Raad van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging.

As dekaan was hy 'n benoemde lid van die Raad en Senaat van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika en hy het 'n waardevolle bydrae gelewer deur sy eerlike en deurdagte kommentaar.

Vir Jan le Roux was sy verhouding, en dié van die Fakulteit, met die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging altyd baie belangrik. Nuwe eerstejaarstudente is altyd onmiddellik ingelig en voorgestel aan die President of sy verteenwoordiger. Hy het oral waar hy gegaan het, die aktiwiteite van die SAVV bekendgestel en ondersteun.

Goeie buurskap tussen die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Onderstepoort, en die Fakulteit het hom besonder na aan die hart gelê en hy het hom aktief daarvoor beywer. Jare nadat hy by die Fakulteit aangestel is, het hy steeds elke oggend by die Instituut tee gaan drink om die kollegiale kontak te behou.

Prof le Roux was lid van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, Openbare Sektorgroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, Wêreldvereniging van Veterinêre Anatome en die Anatomiese Vereniging van Suider-Afrika.

Ons, wat jare lank die voorreg gehad het om hom as leermeester en vriend te kon ken, bring dankbaar hulde aan hierdie onselfsugtige man en prins van veeartseniekundige opleiding.

Malie M S Smuts